

31 Desember Deuteronomium 1:21-33; (Teks: 1:29-33)

Met God as Leidsman die jaar 2000 in

Oujaarsdag 1999 en baie gedagtes skop vas in jou gemoed. As gelowige word jou hart vol van dankbaarheid vir God se genade die afgelope jaar. Saam met die dankbaarheid is daar dalk ook nog die hartseer vir swaarkry-dinge die afgelope jaar, of dalk skuldgevoelens oor foute wat gemaak is. En tog, môre begin 'n nuwe jaar - die jaar 2000. Daarom kyk jy ook vorentoe en jy voel opgewonde en onseker.

Die volk Israel het ook eenmaal op die drumpel van 'n nuwe begin gestaan. Hulle moes die nuwe land Kanaän intrek. Berigte het hulle bang gemaak: "Daar woon 'n volk wat groter en sterker is as ons. Hulle het groot stede en sterk, hoë vestings". Hulle skop vas met hulle kleingeloof. Met hulle toekomsvrees sê hulle verskriklike dinge van die Here: Hy haat ons en wil ons uitroei.

Moses bemoedig die volk deur hulle geloofsoë weer op wonderlike waarhede te fokus. Hy sê dat God voor hulle uittrek en dat Hy vir hulle veg. Hy soek vir hulle nuwe kampplekke uit. Kyk ook terug sê Moses. Sien julle hoe God julle deur die woestyn gedra het soos 'n man sy seun dra.

Met hierdie troos gaan ons ook die jaar 2000 in. Nie met 'n versigtige treetjie nie, maar met 'n geloofsprong! Want ons is in God se vaderarms. Hy is ons Leidsman. Daarom is die toekoms vir 'n gelowige nie 'n donker grot nie, maar 'n oopgemaakte pad. God gaan voor ons uit en Hy veg vir ons. Die kampplekke vir 2000 het Hy klaar uitgesoek.

Dr. S.J. van der Walt (Cachet)